

Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

Die kerk in die spieël van Jona

Dr AH Bogaards

2017

Preek 5

Lees: Jona 1:17-2:10

Teks: Jona 2:9 (Reeks Jona nr. 5)

Datum: 11 Junie 2017

Psalms: 42:1,2,3; 130:1,2; 116:1,2,3; 42:4,5,6; 116:10

1. Inleiding

Ons kom vandag by **die kern van die boek Jona: die gebed van Jona in die vis**. En nog meer presies: die **kernteks**, naamlik vers 9: *Die heil behoort aan die HERE*.

Jona se hele gebed, die inhoud van die gebed, die oorsprong van sy gebed en alles daaromheen word saamgevat in die woorde: *Die heil behoort aan die HERE*. Dit wil sê: **Ons verlossing kom van die HERE en van Hom alleen**.

Dit geld ook van ons gebede. Ware gebed is een groot roep: **HERE, net U kan ons verlos**. En daardie waaragtige gebedsroep word enkel en alleen gebore deur die verlossing van die HERE, deur sy Gees en Woord.

Egte gebed is presies die **teenoorgestelde** van **hoogmoed**. Hoogmoed, die sonde van Israel in daardie tyd en die kenmerk van die ou mens in ons, hou in: My verlossing is my werk, my verdienste. Ware gebed daarenteen is om te erken: *Die heil behoort aan die HERE*.

Op daardie punt moes Jona en die kerk van alle eeue kom: om dít te erken.

In verband met die gebed van Jona staan ons stil by:

1. die **raamwerk** van sy gebed;
2. die **oorsprong** van sy gebed; en
3. die **inhoud** van sy gebed: ... ellende, verlossing, dankbaarheid
4. Die **teken** van Jona

2.1 die raamwerk van Jona se gebed

Jona se gebed word voorafgegaan deur die woorde van hoofstuk 1:17: ***En die HERE het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk ...*** En aan die einde van Jona se gebed in hoofstuk 2:10 hoor ons: ***Daarop het die HERE die vis beveel om Jona ... uit te spuug.***

Die **gebed** van Jona word **dus omraam deur die werk van die HERE**: die **HÉRE** het 'n vis **beskik**; en die **HÉRE** het die vis **beveel**. Reeds die raamwerk roep dit uit: ***Die heil behoort aan die HERE.***

Daar is al baie geredeneer oor die vis en wat se soort vis dit was. Die Bybel sê egter net: Dit was 'n **groot vis**. Die groot vis is ook nie die groot saak nie, maar die groot dae die HERE doen.

Jona sink weg in die golwe van die HERE se toorn. En - hy verdien niks anders nie. **Maar die HERE** - maar die HERE **stuur** 'n vis. Dit wil sê: Die HERE het volkome beheer oor sy skepping. In hoofstuk 2:10 weer staan daar: Die HERE het **gespreek** en die vis het Jona uitgespuug. Die HEER se Woord is skeppingsmagtig, wat lewe uit die dood gebied. Deur sy almagswoord word Jona verlos – ja, uit die buik van hel en doderyk. Die hele skepping staan in diens van die HERE. En die HERE regeer so daarvoor dat alles staan in diens van die saligheid van sy kerk. Dit is 'n salige gedagte in 'n wêreld vol rampe en teëslae.

Hier in Jona staan alles tot God se beskikking om 'n wegloperkind terug te bring. Die HERE het vervoermiddels genoeg om ons terug te bring by ons roeping. Daarvoor kan Hy sy ganse skepping inspan: 'n storm, 'n vis., ens. Die skepping is sy **getroue dienaars** om **ontroue dienaars** na Hom terug te bring.

Die reis na Tarsus het Jona 'n groot prys gekos - die terugreis is gratis.

Die vis sluk Jona in. En dan hoor ons: *EN Jona het tot die HERE sy God gebid* (2:1).

Die God van die skepping is ook die Skepper van hierdie gebed. Ons sien dit in

2.2 die oorsprong van Jona se gebed

Nood leer bid. So sê ons. As dit waar was, sou miljoene heidene, wat tans van honger sterf, tot God gebid het.

MAAR die waarheid is: Geen mens begin uit homself bid nie. Ook van die gebed geld die woord: *Die heil behoort aan die HERE*. Die gebed word gebore uit die verlossingswerk van die HERE. Die gebed is uitsluitlik van hemelse herkoms, van Goddelike maaksel. **Hý** skep die gebed uit niks, in leë, dooie menseharte. Ook die gebed skep Hy deur sy Woord en Gees.

Dit sien ons ook by Jona – die profeet, die kerkman. Tot op hierdie punt wou hy nie bid nie. Toe die HERE hom geroep het om na Nineve te gaan, het hy nie gebid om leiding nie. Toe die storm opgesteek het, het hy nog nie gebid nie - al het hy uit die Bybel geweet: die storm kom van die HERE af kom. En toe die skeepskaptein hom opgeroep het om te bid, het hy nog steeds nie gebid nie. En toe hy skuldig bevind ie, het daar nog steeds geen gebed oor sy lippe gekom nie.

Wat het dan verander in sy lewe? Wat het hom nou skielik 'n man van gebed gemaak?

Dit sal ons verstaan as ons na Jona se gebed gaan kyk. Sy gebed is naamlik vol van aanhalings uit die Psalms: Psalm 3, 5, 16, 18, 31, 42; 50, 65, 88 en 120. Die **Psálms leer** hom bid. Die **Psálms láát** hom ook bid. Hy bid deur die almagtige krag van die HERE se herskeppende Psalmwoord.

O, sekerlik, Jona het die Psalms sy lewe lank gehoor: in sy ouerhuis en in die kerk. Uit sy gebed is duidelik dat hy dit geken het. Maar - solank ons nog hoogmoedig is en solank ons nog dink dat ons ons heil self kan bewerk, sê die Psalms vir ons heeltemal niks nie. **Ootmoed**, dit is die teenoorgestelde van **hoogmoed**. Ootmoed beteken heel eenvoudig: afhanklikheid van God. Gebed is 'n ootmoedsdaad en die Psalms is ootmoedsliedere.

Dit was eers toe die HERE Jona se hoogmoed te pletter laat val het in die maag van hel en doderyk – eers toe het die gebedeboek van die Psalms vir hom oopgegaan. Die **HÉRE** het dit geopen – want *die heil behoort aan die HERE*. Ook die heil van Skrifgeloof en Skrifverstaan.

Dit is tog iets besonder dat Jona wel die Psalms geken het. Want toe hy daar in die ingewande van die vis was, het hy nie 'n Psalmboek by hom gehad nie. Maar die HERE het gesorg dat die

saad van die Psalms in sy hart gelê het. En nou, in sy doodsnoed, nou kom die HERE met sy heil en sy heil laat die verlossingsaad van die Woord ontkiem: Deur die Gees van die Psalms bid Jona deur die krag van die Psalmwoord en met die Woorde van die Psalms

Dit wys ons hoe belangrik dit is dat ons die Psalms moet ken.

En nou

2.3 die inhoud van Jona se gebed

In Jona se gebed sien ons so duidelik die drie dele van ons Kategismus: **ellende, verlossing, dankbaarheid.**

A Jona bely sy ellende

U het my in die diepte gegooi, bid Jona (v3). Agter die matrose sien hy God se oordeelshand. *Al u bare en u golwe het oor my heengegaan.* (v3 Vgl. Ps. 42:8). Deur Psalm 42 het Jona geglo: die golwe God se golwe, sy diensknegte, is om sy sonde te straf. En dit was die ergste: nie dat hy moet sterf nie, maar dat hy deur die Psalmwoord nou die toorn van die HERE oor sy sonde gesien het.

Die magtige oseaan met sy onmeetlike dieptes het hom, nietige mens, aan alle kante omring en sy lewe met die dood bedreig (v.5. Vgl. Ps. 40:13 en 69:2). *Ek het afgesak tot by die fundamente van die berge* (v 6). Die berge word voorgestel as rustende met die een voet op die bodem van die see. Tot by die voet van die berge, so diep het hy afgesink. Op die bodem van die see het seewiere sy hoof omring soos 'n krans (v 5). *Die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit* (v.6.): Die grendels van die aarde, daar waar die lewendes woon, is stewig agter hom toegesluit, sodat hy vir altyd van sy familie en volksgenote afgesny is.

Maar die moeilikste was dit: HERE, *Ek is weggestoot, weg van u oë* (v4, Vgl. Ps. 31:23). Hy beskou homself van God verlate en dit is wat hel is.

B En nou die verlossing

Ps. 116:2 (Berymd) was vir Jona 'n angswekkende werklikheid:

*Om my was bande en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe.*

Uitkomstans was daar nie. Hy kon homself nie red nie. Toe het Psalm 116:2 hom die gebed geleer:

Maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood.

Hy het gebed tot **die HERE sy God**. Sý God - aangrypend, nie waar nie? Al weet hy dat hy alles bederwe het en al ervaar hy God se toorn, nogtans vertrou hy dat God nog sy God is. En die vertrou word gebore uit die Psalmwoord.

Skielik, midde-in sy nood, wanneer dit lyk asof alles verlore is vir Jona, dan jubel hy dit uit: *Nogtans sal ek weer u heilige tempel aanskou* (v.4, eie vertaling). In daardie een woordjie *nogtans* weerklink die triomf van God se genade! Nogtans sal ek weer God se liefdevolle nabyheid in sy tempel ervaar, ondanks die grootheid van my sonde. HK Sondag 23

Wat is die fondament van sy hoopvolle *nogtans*? Toe Jona in die buik van die doderyk was, het hy aan die Here *gedink* (v. 7). Om aan die HERE te *dink* - dit beteken in die Bybel oneindig veel meer as om net met jou verstand aan Hom te dink. Dit is om gelowig te dink aan sy beloftewoorde van vergiffenis, die offers, ensomeer. Om aan die HERE *dink* – dit is om te bid om sy beloftes.

En - sy gebed is verhoor: *My gebed het by U gekom, in U heilige tempel* (v 7). Dit is die heil van die gebed: Dit styg op vanuit die diepste dieptes van ons verlorenheid tot voor die HERE se genade troon in die allerhoogste hemele. Dit maak nie saak hoe diep jy geval het nie, jou gebed om verlossing bereik sy Vaderhart. So het Jona dit ervaar: diep in die doderyk het hy geroep om hulp en God het hom verhoor (v. 2). Jona word verlos **op sy gebed**.

Vers 6 beskryf sy redding so: *Maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God*. Weer word die Verbondsnaam HERE gebruik: Hy bewys sy reddende teenwoordigheid en doen sy verbondsbelofte gestand. Jona kan homself nie red nie, **MAAR U (HERE)** het dit gedoen. Dit is **die maar van sy reddende genade**.

Hy verlos slegs deur te spreek (v.10). Op die HERE se Bevels-Woord spuug die vis hom uit – sodat ons die krag van sy almagtige Evangelie-Woord sal leer.

En nou

C Jona se dankbaarheid

Dit vind ons in hoofstuk 2 vers 1 tot 9. Dit vind ons in daardie **héle** gedeelte, in **al** nege tekste, in **élke** woord daarvan. Immers, dit is ‘n **gebed** en gebed *is die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis* (HK 45:116).

En die ganse inhoud en hart van hierdie gebed van Jona is: *Die heil behoort aan die HERE*. Dit is waaragtige dankbaarheid: om dit te erken in jou gebed.

In en met sy gebed laat Jona hom lei net deur die Woord van die HERE, onder andere deur Psalm 50:14. In daardie teks staan eerstens: *Offer dank aan God*. En tweedens: *Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste*.

1. En dit is wat Jona **eerstens** sê Jona in vers 9: *Ek sal aan U offer met 'n stem van lof*. Daarmee bedoel Jona: **Hy sal bid**. En dit doen hy reeds in die vis. En Jona laat geen enkele twyfel daaroor, wat hy met gebed, wat hy met 'n stem van lof bedoel nie: Want sy hele gebed is 'n lofprijsing van die HERE se werke – ek is 'n nul, U is alles. En in die klimaks van die gebed, spel hy deur die Heilige Gees die stem van lof en hy spel dit so: *Die heil behoort aan die HERE*. En vir heil gebruik hy 'n woord, wat ons ook in die Naam Jesus hoor: *Jesuah*. Daarin word die HERE verheerlik en geloof: deur die geloof in sy Seun. Dit is dankbaarheid: om uit Hom te leef, en om te bely en te beleef: Here Jesus, U alleen is my heil na liggaam en siel.
2. **Tweedens** sê Jona, gelei deur Psalm 50: *Wat ek beloof het, sal ek betaal*. In sy doodsnoed het hy aan die Here 'n offer belowe as Hy hom sou red. Hierdie gelofte-offer was een van die verskeie soorte **vredesoffers**. Die vredesoffer was soos alle offers 'n erkenning van die werk van die HERE. Met hierdie offer sê Jona: *Ú het vrede gebring tussen my en U. Ú het my verlos van u toorn, van die on-vrede*. En in die Nuwe Testament hoor ons waarna hierdie vredesoffer verwys: Jesus Christus, Hy is ons vrede (Ef 2:14).

2.4 Jesus en die teken van Jona

Dat Jona drie dae en drie nagte in die vis was 'n **teken van God se toorn** oor hom. Hy was in die doderyk. So het Jona dit ervaar. Maar toe is hy op God se bevel uitgespuug is. En dit was 'n **teken, 'n bewys, dat sy skuld betaal is**. Immers, op geen enkele manier kon hy uitkom nie, behalwe as sy skuld betaal is. En die heil, die verlossing het van die HERE alleen gekom. Daarom kon Jona uitkom.

Dit was niks anders as 'n profesie van die werk van Christus nie.

Want soos Jona sou Hy sterf, sou Hy die toorn van God dra tot in die graf. MAAR daar is 'n verskil. Jona het gesterf as gevolg van eie sonde. Jesus daarenteen was in die graf **oor óns sonde**. Dat Jesus na drie dae deur die Vader opgewek is, was die heerlike teken: die sonde is volledig betaal – óns sondes.

In Matteus 12 vers 38 en verder vra die Jode van Jesus 'n teken. Daarmee sê hulle vir Jesus: **Bewys** aan ons **met 'n teken uit die hemel dat u werklik die Christus** is. En dan antwoord Jesus hulle: *'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.*

Daarmee sê Jesus vir hulle: Sy opstanding uit die graf na drie dae, Sy vervulling van die Christus-profesie van Jona, – dít is die teken. Want die opwekking van Jesus op die derde dag is niks anders nie, as die HERE se verkondiging: **Die heil behoort aan die HERE**; die Seun van God het alles betaal. Dit is wat die Vader met die oop graf sê. As die Jode dan 'n teke uit die hemel wil hê; hier het hulle dit: Uit die hemel wek die Vader sy Seun op.

Is Jesus die Christus? En dan antwoord God die ongelowige Jode in Romeine 1: Jesus **is na die Gees van heiligheid met krag verklaar as die Seun van God deur die opstanding uit die dode**. En in 1 Korintiërs 1:22-23 staan: **Want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke.**

3. Slot.

Luther het op 'n keer gesê: Ons vind die Onse Vader in die Psalms en ons vind die Psalms in die Onse Vader! Die Een is 'n leerboek vir die Ander!

Ook die Onse Vader is 'n Gebedspsalm.

En moet ek u nou 'n kort samevatting van die Onse Vader gee? Die heil behoort aan die HERE.

AMEN.